

# St. Konrad van Parzham

## 21 April

(1818-1894)

Sy kindertyd in ‘n gesin van twaalf kinders is gekenmerk deur sy diepgelowige ouers se gelukkige huwelik en die bepalende rol wat godsdiens in hul huishouding gespeel het. Hy was lief vir gebed en die buitelewe en harde werk van die boerdery waar hy groot geword het. In 1849 tree hy in by die Kapusynerklooster in Altötting, die beroemde heiligdom en bedevaartsoord van Beiere. Daar sou hy die res van sy lewe dolgelukkig as ’n eenvoudige lekebroeder leef. Vir meer as 40 jaar was hy die deurwagter van die klooster, ’n werk wat hy as sy apostolaat en bediening beskou het. Sy opregte hulpvaardigheid teenoor almal wat kom aanklop het en sy voorliefde vir die armes en behoeftiges het van hom ’n helende en heilige aanwesigheid in sy kloostergemeenskap gemaak. Niemand wat met Br. Konrad in aanraking gekom het sou dit ooit vergeet nie. Sy liefde vir Jesus het tot uiting gekom in sy liefde vir sy medemense en vir baie mense het hy nie net die deur van die klooster oopgemaak nie, maar die poort na geloof en ’n verhouding met God.

© Die Oratorium Uitgewery